

# Tienerstrepe

Brei dié streeptrui gou vir die tiener in jou lewe voor die ergste winterkoue toeslaan. Deur Riana van der Merwe

Die patroon is maklik.

**Koste:** Sowat R230

## MATE

Om borsmaat van 82-87(92-97;102-107) cm lossies te pas. Ware grootte: bors 102(112;122) cm; lengte tot skouer 65 cm; moulengte 47 cm.

## BENODIGDHEDE

Pingouin 100% wol (50 g-bolle): 5 bolle elk vlootblou (kleur-nr 28, VB), swart (09, S) en grys (07, G); 2 bolle roomkleur (01, RO) en 1 bol elk rooi (12, R) en groen (11, GR); 'n paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4,00 mm; 2 stekehous.

**Let wel:** Tensy aanbevole breidraad gebruik word, kan Pingouin geen verantwoordelikheid vir die voltooide werk aanvaar nie.

## SPANNING

24 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor dms met 4,00 mm-Ne

## AFKORTINGS

**alt** – alternatiewe  
**AP** – agterpant  
**aw** – brei awereg

## AGTERPANT

Gebruik 3,25 mm-Ne en gekose kleur vir riffelboord, stel 104(114;124) ste op en brei 6 cm rif, eindig met RK-ry.

**Vlg (vermeer-) ry:** Brei rif en vermeer 20(22; 24) ste, eweredig gespaseer, oor die ry – 124(136;148) ste. Slaan oor na 4,00 mm-Ne en dms, brei strepe van kleure na keuse tot werk 63(68;73) cm lank van beg af is. ▼ Eindig met VK-ry.

**beg** – begin

**dms** – dubbelmossteek (oor ewe aantal ste: 1e en 2e ry: r1, aw1. 3e en 4e ry: aw1, r1)

**gl** – glip

**herh** – herhaal

**N(e)** – naald(e)

**oorbl** – oorblywende

**pat** – patroon

**r** – brei regs

**rif** – riffelsteek, r1, aw1

**rifgw** – rifsgewys

**R(V)K** – regte (verkeerde) kant van werk

**st(e)** – steek(steke)

**vermeer** – vermeerder

**vermin** – verminder

**vlg** – volgende

**weersk** – weerskante

▼ – verleng of verkort hier soos benodig

**Let wel:** Ons het vlootblou vir alle riffelboorde gebruik.

Streepvolgorde vir voor- en agterpant, asook moue, is soos volg in rye: 4VB, 2R, 4S, 4VB, 2G, 2GR, 4RO, 20S, 2R, 6G, 2GR, 6G, 16VB, 2R, 2VB, 6G, 20S, 4RO, 6G, 6VB, 2S, 20G, 2R, 6S, 2R, 6VB, 4RO, 2GR, 6S, 2R.

**Skouervorming:** Heg 44(48;52) ste af aan beg van vlg 2 rye.

Plaas oorbl 36(40;44) ste op stekehous.

## VOORPANT

Soos agterpant tot werk 57(61;65) cm lank van beg af is. ▼

Eindig met VK-ry.

**Halsvorming:** Brei 52(57;62) ste en plaas hulle op stekehous, heg middelste 20(22; 24) ste af en brei tot einde.

**Regterskouer:** Met VK voor, brei 1 ry.

Heg 2 ste af aan beg (= halsrand) van vlg 4 alt rye – 44(48;52) ste.

Brei reguit voort tot werk so lank soos AP tot skouervorming is, eindig met RK-ry.

**Vlg ry:** Heg af.

**Linkerskouer:** Met VK voor, plaas ste van stekehous terug op N, heg breidraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei soos regterskouer, maar met omgekeerde vorming.

## MOUE (2)

Gebruik 3,25 mm-Ne en gekose kleur, stel 52(56;60) ste op en brei 6 cm rif, eindig met RK-ry.

**Vlg (vermeer-) ry:** Steeds rif, vermeer 10 ste eweredig gespaseer oor die ry – 62(66;70) ste.

Slaan oor na 4,00 mm-Ne en brei 4(6;8) rye dms, vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en elke daaropvlg 4e ry, 27(28;29) keer altesaam. Neem vermeer-ste in dms op – 116 (122;128) ste. Brei reguit voort tot werk 44(46;48) cm lank van beg af is. ▼ Eindig met VK-ry.

Heg af.

## AFWERKING

Werk regterskouernaat toe.

**Halsboordjie:** Met RK voor, 3,25mm-Ne en gekose rif-kleur, tel op en r54(60;66) ste uit halsopening van VP en 36(40;44) ste van stekehous aan AP – 90(100;110) ste. Brei 8 cm rif, eindig met VK-ry.

Heg rifgw af.

Werk halsboordjie- en linkerskouernaat aaneenlopend toe.

Vou halsboordjie dubbel na binnekant en werk lossies vas.

Werk moukoppe vas.

Werk sy- en mounate toe. □




foto Vimmy Kruger  
model Thomas  
Die trui is eksklusief  
vir Rooi Rose ontwerp  
en gebrei deur Elmarie  
Mostert